


Snorkelstert-Bangmaakbesie

'n Gogga wat die meeste mense (veral kinders) respekvol laat terugstaan of selfs verhinder dat jy gaan swem, is die sogenaamde waterskerpioen. Die lyf is tot be-indrukkende 4cm lank, die "lugpyp" (siphon) tot 6cm. Daar kan ook twee "lugpype" net langsmekaar wees. Wilde gerugte beweër, dat dit baie giftig is, dat dit aggressief reageer en jou seer steek, as jy in die dam klim om af te koel. Dit is nie regtig so nie.



Waterskerpioen met lang snorkel agter en knypers voor



so lyk waterskerpioenlarwes

Hierdie soort gogga is 'n waterbesie en behoort aan die familie **Nepidae**. Hulle is nie giftig nie, maar as hulle bedreig voel, sal hulle knyp met hulle knypers, en dit kan **seer** wees. Hulle skerpioenagtige voorkoms laat **lyk** hulle gevaarliker as wat hulle is. Jy sal niks oorkom as jy dit op jou handpalm sit nie.

Die "angel" is eintlik sy uitwendige lugpyp. Aangesien dit nie onder water kan asemhaal nie, maar genoodsaak is om vir langer onder water te bly, het dit toegang tot lug deur middel van die lang stertsnorkel wat bo by die water uitgesteek word. Interessant is, dat selfs die eiertjies so 'n asemyp het.

Die honger waterskerpioen sal teen 'n waterplant vasklou en onderstebo doodstil vir so lank in afwagting vertoef tot 'n waterinsek, paddavissie of selfs klein vissie so naby verbyswem, dat die roofbesie slegs sy knyper vinnig moet toevou soos 'n sakmes om die prooi vas te hou. Dan steek dit sy suigaparaat (monddeel) in die prooi en suig die inhoud op, soos besies maar doen. Dit vat sy tyd en daarom bly dit lank onder die wateroppervlak.

Die twee knypers is eintlik omgevormde bene. So lyk dit dan, of die arme insek twee beentjies verloor het, daar is net viertjies om mee te swem en te loop. Waterskerpioene is swak swemmers; die beentjies is so dun, hulle druk netsoveel water weg as wanneer 'n mens jou bootjie met stokke sou roei i.p.v. roeispane.

Alhoewel hulle ook vlerke het, kan slegs enkele soorte vlieg. Ook kan hulle dit nie goed doen nie, hulle beweeg nie vinnig en nie ver voort nie. Liefs klou hulle aan waterplante vas en wag vir prooi.

Interessant is ook, dat hulle 'n lagie lug onder hulle vlerke vir addisionele voorraad kan bêre. So is hulle in staat om redelik lank onder water te bly.



By waterbeweging vlug dit na die kant toe en sit stil daar hopende om nie gesien te word nie.

Ek het altyd gedink, hierdie diertjies is vaalbruin, **maar** daar sien ek toe ene wat pienk is!! As die sonlig van bo daarop val, sien jy die pienk/rooi agterlyf onder die deurskynende vlerke. As dit plat teen die muur sit, lyk die agterlyf van die kant af gesien geligerivaal.

Waterskerpioene bly in staande water, liefste met waterplante (poele, krippe damme, nie gronddamme nie) in gematigde klimaatsones soos rondom die Middellandse see, Asië, Afrika en Suidamerika.

'n Interessante GOGGA, wat ons seker al almal gesien, maar min oor geweet het.

Inligtingsbronne:

Field Guide to Insects of Southern Africa (Mike Picker, Charles Griffiths, Alan Weaving)

Tierleben in Suedwet Afrika (Fritz Gaerdes)

www.fotocommunity.de/photo/wasserscorpion-in-der-geroellwueste-na-iens-dietzel/3719326

Google: gee in Laccotrepes-Wikipedia

Foto van larwes:

https://www.google.com/search?q=Wasserscorpion&source=lnms&tbn=isch&sa=x&ved=OahUKEwiwjc_q_KOQAhUEImakl-

Teks en fotos: Anka Eichhoff